

13 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 9

As die helse magte losbreek

By die blaas van die vyfde trompet (Op 9:1-12) gebeur iets onverwags. Die onderaardse diepte, die woonplek van Satan en sy magte word oopgemaak. Volgens die brief van Judas vers 6 en 2 Pet 2:4 is die duiwels na hulle rebellie teen God in die onderaardse diepte gestort. Maar as hulle nou losgelaat word, dan rig hulle hulle veral op die ongelowiges. Hulle fokus op mense wat nie “die seël van God het nie”, juis om hulle te verlei om aan God afvallig te bly.

Satan rig hom ook soos ‘n brullende leeu teen die gelowiges. Daarom is dit belangrik dat jy wat die seël van God dra, deur gebed en Bybelstudie jou sterk maak teen sy aanvalle.

Die sesde trompet (Op 9:13-21) verplaas ons na die gebeure kort voor die wederkoms van Christus en die eindoordeel. Die engele by die Eufraatrivier word losgemaak en so verdwyn die skeiding tussen Ooste en Weste. Die verskriklikste wapens word gebruik om die mensdom te verwoes. Die perde se koppe is soos dié van leeus. Hoe gevorderd is die wapens nie vandag nie?

Maar nogtans het die mense hulle nie bekeer het nie (Op 9:20). Hulle gaan voort met die aanbidding van duiwels en opstand teen God en ook met moord en onsedelikheid.

Daar is maar net Een by wie jy in die onheilsnagte kan skuil!

Sing: Psalm 25:1

Dr B Duvenage (Emeritus)